**9 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:25-32 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:32 (OAV)**

**Die HERE maak ons lief vir sy Woord, sodat ons Hom met oorgawe kan dien**

Ek sal ... want U ...! Die digter bely sy optrede is die gevolg van die genadewerk van die HERE. U verruim my hart. Verruim beteken letterlik: om groter te maak. Verruim is die teenoorgestelde van “my siel kleef aan die stof” (vs 25). Hierdie woorde beteken: ek is soos ’n dooie. Daar is geen verwagting nie. Ek is geestelik dood, aardsgesind.
Ons gedagtes word opgeneem deur aardse dinge. Ons volg die verkeerde weë. Die kwaad is altyd voor ons oë. Ons sit daarin vas, soos in ’n graf. Daar is altyd iets anders om aan te dink en mee besig te wees as die Woord van die HERE.
Ons kan net verander as die HERE ons verander. Verruim kom ooreen met “maak my lewend na u woord” (vs 25). Verruim my hart. Maak my hart groter, sterker. Soos ons dikwels lees: Gee my ’n nuwe hart? Verruim, vat die genadewerk van die HERE in ons saam. Ons hoor hierin die verlossingswerk van God in Christus. Hy oorwin die dood. Hy maak ons los van die stof. As Oorwinnaar gee Hy sy Gees aan ons. Hy gee vir ons nuwe harte waarin daar plek is, ruimte vir sy Woord.
U verruim my hart is ’n vreugdevolle belydenis. Dit hou gevolg in: Ek sal op die weg van u gebooie wandel. Ek sal met lus op die weg van u gebooie gaan. Deur die lewendmakende werk van die HERE wil ek doen wat Hy sê. Hy maak ons toegewyd. Hy doen dit deur in ons ’n liefde vir sy Woord te wek. Daar kom ruimte vir sy Woord.
Let op die genade! Hoe meer ons met die Woord omgaan, hoe meer wil ons. Hoe meer ons met die Woord omgaan, hoe meer wil ons gehoorsaam wees. Hoe meer wil ons Hom eer. Verbly u daarin! Bid dankbaar: Verruim my hart!

*Sing: Psalm 19:5 (1936)* *Ds. PJ Jansen van Nieuwenhuizen (Marble Hall)*